

Markus 16:15 *"En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom."*

# Gerrie en Arlene Coetzee

**Uitgestuurde Sendelinge van NG Gemeente George-Bergsig.**
**Ondersteuning op ´n geloofsbasis deur gemeentes en individue**
**Projekspan leidster: Nora** De Wit  082 375 3060 – noradewit7@gmail.com

## April 2022 Nuus

Ek groet julle soos ons mekaar groet op Paassondag...*Jesus leef, Hy het opgestaan, Hy het waarlik opgestaan!* Die graf is leeg en oop. Hy sit aan die regterhand van die Vader, Hy is besig om vir ons plek voor te berei in die huis van ons Vader. Wat 'n besondere voorreg het ons as Christene om dit te kan glo en te besef dít is die middelpunt van ons geloof.

**ETHNOS Nuus**: Ons as span is weer besig met




voorbereiding vir ons tweede EMT (Ethnos Mission Training) vir 2022. Daar gaan heelwat beplanning en hersiening in élke EMT, voorbidding vir die student wat kom asook vir elke opleidingsessie. Dit is n wonderlike opgewonde gevoel om te kyk wie die Here aanraak om te kom vir die EMT, maar ook 'n ernstige verantwoordelikheid vir ons as span.

**Persoonlik:** Ons is die Here innig dankbaar dat ons kan getuig dat Gerrie reeds in so 'n mate herstel het dat ons weer voluit in ons bediening kan dien.

**Getuienis:** Ek moet getuig!!! Enkele dae voor Gerrie se operasie om sy prostaat te vewyder gaan ek, Arlene, 'n dame ('n proffesionele persoon) sien, ons gesels en ek maak altyd 'n punt om te getuig van God se genade, en noem aan haar dat ons na Durbanville gaan omdat my man (Gerrie) moet gaan vir 'n groot operasie. Sy vra kan ek haar sê watse operasie dit is.  Ek antwoord haar dat my man nie daarvan hou dat ek oor persoonlike dinge van hom gesels nie, maar ek kan net noem dit is 'n "manne probleem".  Sy draai om en sê dan weet sy presies....prostaatkanker want haar Pa is jare gelede oorlede daarvan en sy vertel ook vir my dat dit 'n moeilke pad is wat voorlê.  Sy vra toe of sy haar Ma kan vra om vir Gerrie te bid, want sy self kan nie want sy is nie 'n Christen nie. Ek bedank haar toe en sê ons sal dit baie waardeer, en ek sal ook vir *haar* bid. (wat ek gedoen het dat sy Jesus sal Jesus ontmoet). Sy het my ook gebel na 'n dag of 2 en net aan my genoem dat sy geweldig baie aan my dink en dat haar Ma en haar vriendinne ook vir ons sal bid....

Gerrie is toe ge-opereer, ons terug in George en die herstelproses verloop baie positief. Dinge werk toe so dat ek weer 'n afspraak moet maak om haar te gaan sien.  Sy kom na die wagkamer en die oomblik wat ek haar sien lyk sy vir my so mooi, sag en baie vriendelik; totaal anders as voorheen. Sy was besonder bly om my te sien en toe ons so inloop by haar kamers, sê sy  baie opgewonde sy moet my iets vertel nadat sy my eers op professionele gebied klaar gehelp het. Sy draai om en dit borrel uit haar uit *"Tannie, ek het my bekeer, I'm saved, I accepted Jesus Christ. He turned my life around, 180 degrees!!"* En sy begin getuig van die dag wat ek aan haar genoem het van Gerrie se prostaatkanker, die getuienis wat ek daarom gelewer het, haar Ma se jarelange gebede en natuurlik glo ek ook andere wat vir haar omgee. Sy noem dat na my besoek, die wete dat nog iemand is wat saambid, basies 'n vreemdeling, het sy en haar Ma saam gebid en sy het meteens die Vrede en Verlossing van Jesus ervaar.

Sy is genees van 15 jaar se intense depressie, van 'n baie donker en verkeerde pad wat sy geloop het en het nou 'n honger en dors ontwikkel vir die Woord van God!

Die oorspronklike wortel wat veroorsaak het dat sy haar rug gedraai het op Christus, was die feit dat sy dit nooit kon verwerk hoe God dit toegelaat het dat haar Pa sou ly en sterf; deur diep waters gegaan het as gevolg van sy prostaatkanker wat ook op ou einde versprei het en tot sy dood gelei het.

Die wonder van God se werke, dit rondom Gerrie se prostaatkanker bring haar tot inkeer nadat haar eie Pa se prostaatkanker haar laat ontspoor en tot baie diep donker plekke geneem het.

In die tyd toe ek (Gerrie) gediagnoseer is met kanker het God vir my deur die volgende teks aangedui wat sal en moet gebeur: Joh 11:4 *"(Jesus sê) Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word"*

Die getuienis wat Arlene gedeel het is direk dit wat God deur Jesus se woorde wat Hy aan my uitgewys het, bewerkstellig is: Ek is ge-opreer en kankervry deur Sy wonderbaarlike mag sodat ek nie daarvan sou sterf nie, maar Hy het dit ook gebruik dat Jesus verheerlik kan word deurdat die dame waarvan Arlene vertel het, gered kon word tot die ewige lewe en tot Sy glorie! Prys ons almagtige en genadevolle Here!



**SA vir wêreldsending:** Die Here verbreed ons grondgebied en ons gaan nou ook maandeliks vir julle 'n onbereikte land/mensegroep deurgee om voor te bid.

***<u>Gebedsland: Somalië</u>*** ( Geleë in Noord-Wes Afrika)

<u>Interresant feite vd land</u>:

- Populasie:  ongeveer 16 miljoen mense.
- Geloof: Moslem. Taal Somali/Arabies
- (land het meer as 7miloen kamele)

<u>Gebedspunte vir Somalië:</u>

- Vervolging van Christene
- Groot getalle sal bekeer word
- Meer Somali Bybels in die land asook kinderbybels

**<u>Bid asseblief vir ons</u>**:



- Vir Gerrie se voortgesette herstel
- Opkomende EMT kursus: Studente, beplanning, fasiliteerters.
- Gehoorsaamheid en ondergeskiktheid aan die Here se wil
- Voldoende finansiële- en gebeds-ondersteuning
- Die dame in die getuienis se voortgesette groei in haar verhouding met Jesus

Seën en Vrede


***Gerrie en Arlene***
**SA vir WÊRELDSENDING**
**Sel en WhatsApp nrs.** **Gerrie 067 084 7256**
**(Ook op Signal)** **Arlene 076 446 1407**


**<u>Bankbesonderhede:</u>**

| | |
|---|---|
| **Naam van rekening:** | **NG KERK BERGSIG - SAAWE** |
| **Tipe en nommer:** | **ABSA Besigheids spaarrekening nr. 93 5202 1094** |
| **Takkode:** | **632005** |